

**26 November**

**Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21**

**Fokusgedeelte: Johannes 10:14-15**

**God se kerk leef**

Ons leef in 'n wêreld van stemme. Stemme wat roep. Stemme wat tereg wys. Stemme wat verlei. Stemme wat vals is en dwaalleer verkondig. Stemme wat skreeu dat Christus nie die Seun van God is nie. Stemme wat sê: "Hy is van die duiwel besete, hy is mal! Hoekom luister julle nog na hom?" Stemme wat uitroep: "Kruisig Hom!"

Tussen hierdie stemme in die wêreld klink die stem van die Goeie Herder. Inderdaad is dit maar een van vele stemme en ons sien dit alreeds hier in Johannes waar sy stem in die middel staan tussen twee ander stemme – dié wat sê dat Hy van die duiwel besete is en die ander wat dit ontken. Maar die stem van die Goeie Herder is anders. Dit dra gesag deur woorde en dade. Hy roep en sy skape volg Hom. Sy skape ken sy stem. Daar is 'n lewensband tussen die Herder en sy skape, omdat Hy sy lewe vir hulle gegee het. Sy skape erken sy stem tussen al die ander stemme in die wêreld. Hy roep elkeen op sy naam, Hy soek jou persoonlik op. Hy open jou oë en ore, sodat jy saam met die ander geroepes Hom sal volg as een kudde.

As kerk van God is ons in die wêreld en word daagliks gebombardeer deur hordes stemme. Ja, die stemme van verleiding en valse leer is nie weg nie, maar ons, as lewende kerk, het 'n Goeie Herder wat vir ons die pad aanwys. Jesus Christus roep jou op jou naam. Hy ken jou en so ken jy Hom ook. Luister na sy stem. Helder en duidelik, herkenbaar en vol gesag staan dit swart op wit in sy Woord.

*Sing: Psalm 23:1, 2*

*Ds LP van Jaarsveld (Uitschot/Sannieshof/Delareyville)*